# Ekonomiese en Markanalise

## weeklikse verslag

### WEEKLIKSE VERSLAG: 3-7 MAART 2008

**Tabel 1: Kern Markaanwysers**

| | **Week geëindig 22 Februarie 2008** | **Beweging vir die week** | **Verwagtings vir die komende week** |
|---|---|---|---|
| ALSI | 30674 | +825 (+2.76%) | Volatiel |
| Nywerheidsindeks | 23544 | +622(+4.34%) | Volatiel |
| Goudindeks | 2518 | -26(-1.02%) | Toename |
| Finansiële indeks | 21117 | +622(+3.03%) | Volatiel |
| Rand/$ | R7.74 | 0 | R7.50/$-R8.00/$ |
| Goudprys | $971 | +29(+3.02%) | $960- $990 |
| Dow Jones | 12266 | -114 (-0.93%) | Volatiel |
| Nikkei | 13603 | +102 (+0.76%) | Volatiel |
| FTSE-100 | 5884 | -4 (-0.07%) | Volatiel |
| Hang Seng | 24331 | +1026(+4.40%) | Volatiel |
| SA Eiendomsindeks | 336 | +6(+1.86%) | Volatiel |
| R157 | 8.99% | +21(+2.39%) | Afname |


Wêreld aandele-, eiendoms- en effektemarkte het verlede week senuagtig beweeg soos wat die dollar naby rekord laagtes teen die euro gebly het na die vrystelling van algemene swak VSA verbruikersbesteding- en inflasiedata vir Januarie. Besteding het met 0.4% vir die maand gestyg, maar die hele styging was weens inflasie, wat reële verbruik onveranderd vir die tweede opeenvolgende maand gelaat het. Intussen het die jaarlikse kern PVB inflasie tot 'n jaarlikse 2.2 % gestyg, ver bo die Federale Reserwe se 1.5 -2% gemaksone. *'That (inflation) has not yet been a barrier to aggressive interest rate cuts, because the Fed expects inflation to slow as the economy weakens and spare capacity increases'*, het Nigel Gault, ekonoom by Global Insight opgemerk. Fed Voorsitter Ben Bernanke het dit egter duidelik gemaak in sy verklaring aan VSA wetgewers dat groeirisiko's steeds bekommernisse rondom inflasie oortref, en dat nog 'n koersverlaging in Maart verwag kan word. In reaksie het die Dow Jones met 114 punte (0.93%) oor die week gedaal. Meeste ander beurse het volatiel en senuagtig beweeg, met die Nikkei in Japan wat 'n moontlike rentekoersverlaging verdiskonteer. Maar dit word nie verwag dat die Bank van Engeland rentekoerse hierdie Donderdag sal verlaag nadat kenners inflasievrese benadruk het nie. Die grootste bekommernis bly die olieprys nadat dit sterk bo $100 per vat teen verlede Vrydag beweeg het ($103 per vat). In reaksie het die pryse vir goud en platinum aangehou om op rekordvlakke te beweeg. Daar word nou van die prys van goud verwag om deur die $1000 per ons vlak binne die volgende twee weke te beweeg.

**Ten spyte van die negatiewe internasionale sentiment, het aandelepryse op die JSE weereens oor die week gestyg.** Die ALSI (2.76%), finansiële-indeks (3.03%) en selfs die nywerheidsektor het 'n sterk groei van meer as 4.0% aangeteken.




Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouïng en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortspruitend uit of met betrekking tot die vertroue wat u plaas of geplaas het op die inhoud van hierdie dokument, van watter aard ookal nie.

**Figuur 1: Die ALSI – Binne 900 punte vanaf rekordvlak**



Ten spyte van die bogenoemde stygende herstel in aandelepryse op die JSE, het aankondigings van die hoër as verwagte inflasie-X syfer van 8.8%, die voortdurende styging in die M3 geldvoorraad- (op van 23.8% tot 25.16%) en kredietverlening aan die privaatsektor (op van 21.7% tot 23%) en handelstekort (-R10.2 miljard) vrese verhoog vir 'n volgehoue randdepresiasie en 'n styging in die repokoers deur die MBK by hul volgende vergadering in April. Die rand, alhoewel sterker gedurende die begin van die week, het marginaal op R7.74/$ geëindig, maar oor die naweek sterk begin verswak. Die eiendomsindeks het met 2.98% oor die week gedaal op die rug van hoë inflasiesyfers, terwyl langtermyn effektekoerse met 21 punte gestyg het op grond van 'n verwagte hoër repokoers en 'n swakker rand.

Ten spyte van die groot handelsrekeningtekort, asook groot buitelandse verkope van effekte en aandele deur buitelanders (21.9 miljard) gedurende Januarie het buitelandse netto-reserwes steeds met meer as R3 miljard gestyg. Dit suggereer dat 'n groot invloei van die FDI, of onaangetekende transaksies in Januarie plaasgevind het. ***Dynamic Wealth*** **bly steeds bekommerd oor die uitwerking van 'n voortdurende uitvloei van buitelandse kapitaal weens die verkope van effekte en aandele. Ons is ook van mening dat die inflasiekoers eers oor die volgende paar maande tot 10% sal styg, weens die sterk styging in die petrolprys met 61s/l, en nog 'n sterk styging wat vir April verwag word.** Gegewe die verwagte sterk styging in elektrisiteitspryse in April, sal inflasie steeds sterk styg. Dus verwag ons dat aandelepryse nog 'n afwaartse korreksie kan ondervind en vir die volgende drie maande volatiel gaan bly.



Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouïng en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortspruitend uit of met betrekking tot die vertroue wat u plaas of geplaas het op die inhoud van hierdie dokument, van watter aard ookal nie.

**Vir 'n verdere ontleding van die ekonomie, sal die maandelikse Ekonomiese en Markanalise later hierdie maand vrygestel word.**

**Tabel 2: Vrystellingskedule vir geselekteerde ekonomiese aanwysers vir die week**

| Datum | Land | Aanwyser | Periode | Verwag | Vorige |
|---|---|---|---|---|---|
| Mar 3 | VSA | Konstruksiebesteding | Jan | -0.8% | -1.1% |
| Mar 3 | VSA | ISM Index | Feb | 49.0 | 50.7 |
| Mar4 | RSA | Inkomste en Uitgawes van Huishoudings | 2005/06 | | |
| Mar 4 | VSA | Motorverkope | Feb | 5.2M | 5.1M |
| Mar 4 | VSA | Vragmotorverkope | Feb | 6.8M | 6.6M |
| Mar 5 | VSA | ADP Indiensname | Feb | - | 126K |
| Mar 5 | VSA | Produktiwiteit-hersiene syfer. | KW4 | 1.8% | 1.8% |
| Mar 5 | VSA | Fabrieksbestellings | Jan | -1.5% | 2.3% |
| Mar 5 | VSA | ISM Dienste | Feb | 48.5 | 44.6 |
| Mar 5 | VSA | Ru-Olie Voorrade | 03/01 | NVT | 3231K |
| Mar 5 | VSA | Fed's Beige Book | - | - | - |
| Mar 6 | VSA | Nuwe Werkloosheidseise | 03/01 | NVT | 373K |
| Mar 6 | VSA | Verwagte Huisverkope | Jan | - | -1.5% |
| Mar 7 | VSA | Nie-Landbou Loonsyfers | Feb | 40K | -17K |
| Mar 7 | VSA | Werkloosheidskoers | Feb | 5.0% | 4.9% |
| Mar 7 | VSA | Verdienste per Uur | Feb | 0.3% | 0.2% |
| Mar 7 | VSA | Gemiddelde Werksweek | Feb | 33.7 | 33.7 |
| Mar 7 | VSA | Verbruikerskrediet | Jan | $7.5B | $4.5B |

**Prof Chris Harmse**
**3 Maart 2008**

Nota: Bogenoemde is 'n fundamentele analise. Van tyd tot tyd sal die fundamentele en tegniese analise van die beweging van aandelepryse en markte noodwendig in konflik wees vanweë die verskillende tegnieke van ontleding. Oor die medium- en langtermyn behoort hulle egter in korrelasie te beweeg. Vanweë die tydsbeperking op die publikasie van hierdie verslag berus die verantwoordelikheid vir die korrektheid van die verslag daarom by die skrywer.




Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouing en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortspruitend uit of met betrekking tot die vertroue wat u plaas of geplaas het op die inhoud van hierdie dokument, van watter aard ookal nie.